


# St. Evaristus

## 26 Oktober

(sterf c. 107)

Volgens die pouslike naamlyste van die 2de eeu was pous Evaristus die vierde opvolger van die heilige Petrus. Hy volg Clemens I op as pous. Die antieke *Liber Pontificalis* dui hom aan as 'n Griekssprekende Jood, wie se vader uit Bethlehem afkomstig was. Die indeling van Rome in 25 parogies met priesters wat aan spesifieke kerke toegewys is word aan hom toegeskryf, asook die instelling van die kollege van diakens, wat uit sewe diakens bestaan het. Hoewel daar verder min oor hom bekend is, weet ons dat hy op die Vatikaanheuwel begrawe is.

© Die Oratorium Uitgewery